**Donderdag 25 Mei**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:25-30**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:25**
**Die rol van die man in ’n Christelike huwelik**

Die Here gee aan jou die opdrag om jou vrou lief te hê, soos Christus sy kerk liefhet (vs 25, 28, 33). ’n Amper onhaalbare opdrag.

Christus het Homself volkome gegee ter wille van sy kerk. Hy het alles gegee. Hy het gesterf. Selfopofferende, selfverloënende liefde. Die optrede van die man tot sy vrou moet gerig wees tot die opbou en groei van haar as vrou, en die groei van haar verhouding met die Here, sy moet deur die man se liefde geborgenheid ervaar.

Hoofskap is om leiding te gee binne die gesin, en op so ’n manier leiding te gee dat ek in verantwoording voor God kan staan. God gaan eerstens vir jou as man vra wat in jou gesin gebeur.

- In dié gedeelte sien ons die ongelooflike verantwoordelikheid en opdrag wat God aan die man gee,
- wat jou net weer laat besef: Slegs deur God se krag kan ek dit doen, slegs as God die sentrum van my lewe en van my huwelik is.
- Alleen maar as ek eers by die Here stil word elke oggend en bid vir wysheid, krag en leiding.
- God gee die opdrag, God sal ook die krag gee, as ons die opdrag in afhanklikheid aan Hom uitvoer.

*Sing: Psalm 128-1:1, 2, 3*
*Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)*